# Gaan Ons Wêreld Regtig Eindig?

*Vervolg van p. 11*

Die groot beweegrede agter die eindtydse veldtog teen die Here Jesus se Godheid is 'n proses van dekonstruksie waarin Hy van Sy Bybelse identiteit en Goddelike attribute gestroop word in 'n poging om iemand anders in Sy plek as "Jesus" of "die Christus" te aanvaar. Die Jode is lankal reeds teen hierdie soort misleiding gewaarsku toe die Here Jesus vir hulle gesê het:

*"Ek het gekom in die Naam van My Vader, en julle neem My nie aan nie. As 'n ander een in sy eie naam kom, hóm sal julle aanneem"* (Johannes 5:43 OV).

Miljoene misleides onder nie-Joodse nasies sal dieselfde doen. Hulle sal ook 'n verbond met die valse Messias sluit: *"En hy sal een week lank met baie 'n sterk verbond sluit..."* (Daniël 9:27(a) NV). Hulle sal verwonderd agter die groot misleier van Satan aangaan en hom aanbid (Openbaring 13:4-8), aangesien hy 'n nuwe samelewingsorde kom instel waarin almal "gelukkig" is en in "vrede" kan leef!

## 18. SLAWEHANDEL

Hoewel die meeste mense glo dat slawehandel in die "verre verlede" plaasgevind het, is dit ontnugterend en ontstellend om in die nuusmedia te verneem dat dit 'n verskynsel is wat met rasse skrede toeneem en dat daar vandag méér slawe dwarsoor die hele wêreld is as in enige ander tyd in die geskiedenis. Daar is tans ongeveer 27 miljoen volwassenes en 13 miljoen kinders wêreldwyd wat as slawe deur hul eienaars misbruik word. Ongeveer 75% - 80% van die slawe word gebruik vir seksuele doeleindes terwyl ander baie hard moet werk, en nog ander se liggaamsorgane "geoes" en verkoop word! Ongeveer 30 000 slagoffers wat aan seksuele misdrywe blootgestel word, sterf jaarliks as gevolg van misbruik, siektes, mishandeling en verwaarlosing. Tagtig persent van hierdie slagoffers is jonger as 24 jaar en sommige is slegs 6 jaar oud!

## 19. WÊRELDWYE EKONOMIESE KRISIS

Wie sou ooit kon dink dat die magtigste land ter wêreld, die VSA, nou amper bakhand moet staan by die Europese Unie en veral China om hom te help sodat hy sy triljoene dollar se skuld kan "bekostig"? Sy uitspattige uitgawes en korrupte hooggeplaastes in veral die Bankwese kom hom duur te staan en dit bring nog meer werkloosheid en bankrotskappe mee. In 2008 het die grootste finansiële omwenteling die wêreldekonomie in sy grootste krisis in dekades gedompel.

Op 3 September 2011 waarsku Robert Zoellick, president van die Wêreldbank, dat die wêreldekonomie op die punt van ineenstorting staan as gevolg van massiewe skuld, stadige ekonomiese groei en swak beleggersvertroue wêreldwyd. Hy het bygevoeg dat die finansiële krisis waarin sommige lande van die Europese Unie gedompel is verdere terugslae vir die Monetêre Unie inhou. Om alles te kroon, het hy daarop gewys dat besluite rakende die ekonomie wat in Europa, asook in die VSA en in China geneem word, die hele wêreld beïnvloed, aangesien dit so is dat alle lande se ekonomieë huidig aan mekaar verbind is en mekaar beïnvloed.

In *Sake24, Beeld,* 14 September 2011, word dr. Angela Merkel, kanselier van Duitsland aangehaal: "Die topprioriteit is om onbeheerde insolvensie te keer omdat dit nie net Griekeland sal tref nie. Die gevaar dat dit ander lande sal tref, is baie groot. My standpunt is baie duidelik: Alles moet gedoen word om die Eurogebied uit 'n politieke oogpunt bymekaar te hou omdat ons bitter vinnig 'n domino-effek kan kry."

Angela Merkel se woorde het baie gou tot vervulling gekom. Die skuldkrisis het daartoe gelei dat George Papandreou, die Griekse Eerste Minister, en Silvio Berlusconi, die Italiaanse Eerste Minister, onderskeidelik op 11 en 12 November 2011 hul bedankings ingedien en hul poste ontruim het!

Ons weet dat die onbeheerbare skuld ook besig is om ander lande soos Spanje, Portugal en Ierland op hul knieë te dwing. Die tyd sal leer watter lande die wêreldwye ekonomiese insinking sal kan trotseer, indien wel.

Wanneer ons kennis neem van al die negatiewe faktore, gebeurtenisse en handelinge, asook die selfsugtige menslike ingesteldhede wat gelei het tot die verrotting en vernietiging van byvoorbeeld die Babiloniese, Egiptiese, Romeinse en Griekse antieke beskawings, besef ons dat dekadensie, korrupsie, magsbeheptheid en morele en sedelike verval ook die huidige wêreldbeskawings opknaag en skielik inmekaar sal laat sak!

## 20. WÊRELDEVANGELISASIE

Ten spyte van al die negatiewe dinge waaroor ons in bogenoemde 19 punte berig het, is daar ook die positiewe. Meer as ooit vantevore word vandag pogings aangewend om die totale wêreldbevolking met die Evangelie van Jesus Christus te bereik:

*"En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom"* (Matteus 24:14 OV).

Die Christelike geloof het wêreldwyd toegeneem. Protestantse Sendingagentskappe en Ondersteuningsbasisse het vermenigvuldig. Die uitbreiding van Evangelistiese Denominasies het van 84,5 miljoen sedert 1960 tot 420 miljoen in die jaar 2000 gegroei. Gedurende hierdie selfde tydperk het die Pinksterbeweging, wat aan die begin van die 20ste eeu ontstaan het, ongekende groei van 11 miljoen (1960) tot 116 miljoen (2000) bereik en die Charismatiese Beweging se ledetal het ook toegeneem van 181 miljoen (1990) tot 345 miljoen (2000).

Deur middel van die TV, radio, films, literatuur, kerkplanting, kassette, CD's, DVD's en op persoonlike vlak, word die boodskap van verlossing deur Jesus Christus daagliks aan miljoene mense oorgedra soos nog nooit vantevore gebeur het nie!

*- Uittreksel uit: 5 Voor Middernag?, Japie en Huegene Venter, Rainbow Publishers, 2011.* *Indien u 'n kopie wil bekom, sien onderstaande advertensie vir verdere inligting.*

